Is BabaGim slegs vir babas met probleme?

Charlotte Gouws
Kaapstad
charlotte.gouws@babygym.co.za

Ek het die afgelope tyd heelwat navrae ontvang wat dui op 'n heeltemal verkeerde persepsie dat BabaGim amper uitsluitlik vir siek en gestremde kinders tot hulp kan wees. Die volgende skrywe is nie net 'n sukses storie nie, maar ook 'n getuienes dat BabaGim nie net vir siek en gestremde baba's is nie, maar noodsaaklik is vir elke baba se ontwikkeling.

My passie vir BabaGim het regtig eers 'ontplof' nadat ek die kursus bygewoon het en as gevolg van al die navorsing wat ek moes doen om my werkstuk te voltooi. Die rede hiervoor was dat ek as 'n Mamma tot die besef gekom het, dat ek nooit hierdie eenvoudige en maklike oefeninge met my baba gedoen het nie. Die gevolg is dat hy vandag spraakterapie en arbeidsterapie nodig het, om sy sintuie te stimuleer om sodoende te kan leer. Ons voorouers het nie geld vir allerhande duur speelgoed en apparate gehad nie, dus het hul van stimulsaie tydens speeltyd gebruik gemaak om kinders te leer.

Dit is my grootste droom om vir elke mamma van BabaGim te vertel. Dit is ongelukkig nogal moeilik om hulle te oortuig dat BabaGim vir hul baba beter is as duur speelgoed, onpraktiese stoele en stootwaentjies. Dan is daar ook die ekonomie wat knyp! Ten spyte hiervan het ek baie positiewe terugvoer van my mammas wat BabaGim Fermgrondslag bygewoon het, ontvang. Elette Symington, mamma van Mia het die volgende geskryf:

"Ek wil graag vir alle mammas van BabaGim vertel! My baba, Mia, het die kursus op 3 - 4 maande voltooi en sy is nou 1 jaar oud. Vir iemand soos ek wat nie veel van babatjies af geweet het nie (soos hoe stimuleer mens hul, wat behels hul ontwikkeling, bereiking van mylpale ens) het eers besef tot watter mate BabaGim tot Mia se ontwikkeling bygedra het, toe sy met ander maatjies in aanraking kom en ek haar kon vergelyk met babatjies van haar eie ouderdom.

Mia is in alle opsigte ver vooruit en baie beter ontwikkel as enige van die ander babatjies in haar weeklikse speelgroepie, selfs die Juffrou wat die klassie aanbied, kan nie glo hoe goed Mia'tjie vorder nie. Sy het eerste begin sit, kruip en stap, het alreeds 'n ongelooflike sin vir humor, gesels alte lekker (babataal), ondersoek die hele wêreld (baie nuuskierig), is MAL oor musiek (kan al dans!) en geniet enige kossies wat ek vir haar voorsit.

En om nie eers te praat van alles wat ek self by BabaGim geleer het nie !! Ek kan Babagim verseker aanbeveel."

BabaGim is vir ELKE BABA bedoel

www.babygym.co.za